

16 September

**Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**

**Fokusgedeelte: Lukas 18:11-12**

### **Die Fariseër se gebed**

Jesus Christus vertel in hierdie gedeelte 'n gelykenis oor die gebed. Sommige mense vertrou op hulleself en hulle eie krag. Hulle dink dat hulle geregverdig is of dat hulle saak met God reg is deur dit wat hulle self doen en verwerf. By die Fariseër vind ons hierdie gesindheid. Hy gaan staan en bid. Hy buig nie nederig sy hoof nie. Hy slaan nie boetvaardig op sy bors soos die tollenaar nie. Hy staan voor God. Hy het dit verdien. Hy vas dan twee keer per week en gee van alles wat hy het, sy tiendes. Hy het seker by homself gedink: "Ek doen selfs meer as wat die wet vra ..."

As ons soos die Fariseër begin dink, moet ons ernstige selfondersoek doen. God alleen ken die hart van elke mens. Jesus Christus leer ons in hierdie gedeelte dat dit God is wat verneder en verhoog. Ons moet ons swakheid ken. Ons is sondig en nietig. Hierdie wete laat ons op ons bors slaan en ons wil nie na die hemel opkyk nie. Dit is alleen die soenverdienste van Christus aan die kruis wat ons regverdig. Die Heilige Gees plant deur die geloof hierdie wete in ons hart.

Ons saak met God is reg deur die werk wat Christus gedoen het en nie deur ons eie werk nie. Dit hou ons nederig en dankbaar. Ons werke maak ons nie salig nie. Ons werke, vol sonde en boosheid, word geheilig en is die kleed van die bruid van Christus (Openb. 19:7-8)!

Leef nou met woord en daad in diepe afhanklikheid van die Here deur die genade wat Hy aan jou bewys het!

*Sing: Psalm 38:1, 8, 17 (Totius)*

*Teologiese Student M le Roux*